Jesus ken my naam

# Oop vir verandering

## Bybelteks

*Die koning het toe opgegaan na die huis van die Here; al die manne van Juda en al die inwoners van Jerusalem was saam met hom, ook die priesters en die profete, ja, die hele volk, van klein tot groot. Ten aanhore van hulle almal het hy al die woorde van die boekrol met die verbond ... voorgelees. Daarna het die koning by die pilaar gaan staan en voor die Here die verbond gesluit. Hulle het onderneem om die Here te volg, om sy gebooie, sy bepalings en sy vaste voorskrifte met hulle hele hart en hulle hele wese na te kom ... Die hele volk het tot die verbond toegetree.*

**– 2 Konings 23:2-3**

## Kernwaarheid

**Net soos koning Josia moet ons ons weer aan die Here toewy en ons lewe op hom bou.**

**WELKOM**

- Ken jy die liedjie "Die wyse man bou sy huis op die rots"? Kan jy die bewegings ook doen?
- Wat het die dwase man in die liedjie gedoen?

**WONDER**

Wat het koning Josia vir God belowe?

**WEES**

Kyk na die boekrol wat jy gemaak het. Dit sal jou help onthou dat ons ons lewe op God moet bou soos koning Josia.

**WEGSTUUR**

Wys jou boekrol vir jou huismense en vertel vir hulle dat ons ons lewe op God moet bou.

# Kleur die woorde en die prentjie in.

